

Ons Kontrei

Ons mense se koerant sedert 1968

www.onskontrei.co.za

27 MAART 2026 - JAARGANG 58-1718

R7.00 Inklusief

Telefoon: 027 213 2074

E-pos: info.onskontrei1@gmail.com

'n Stem raak stil

4 * ONS KONTREI - 18 JANUARIE 2002

DAMSTAND

25 Maart 2026 - 24.51%

25 Maart 2025 - 39.98%

Reënval vir die week:
Geen



Purified Water
Ozomated / Reverse Osmosis

Dorpstraat, Vredendal
083 611 2867

* Refill station
* Water dispensers



Lees binne:

**Spazas
deursoek
bl 2**

**Terugblik op
58 jaar
bl 6 en 7**

**Nuwe binnehuise
skietbaan
bl 12**

Weervoorspelling vir die week

Don. 26/03	Vry. 27/03	Sat. 28/03	Son. 29/03
13°/32°	12°/30°	12°/30°	12°/34°
Ma. 30/03	Di. 31/03	Wo. 01/04	Inligting verkry vanaf AccuWeather 25 Maart 2026
12°/32°	11°/33°	15°/33°	



Dorpstraat, Vredendal
027 213 3249
Kort op kontant?
Ons kan help!

Ons Kontrei / Protea Drukkery is geregistreerde handelsname.

**PROTEA
DRUKKERY**

Kontak ons gerus vir 'n gratis kwotasie en kwaliteit drukwerk.

Ons ontwerp, druk boeke en promosiemateriaal

**Ons gaan voort met die
druk van boeke**

Marieta Swanepoel
082 507 2340
info.onskontrei1@gmail.com

• Ons landlyn 027 213 2074
sal vanaf 31 Maart nie meer
in gebruik wees nie. •

Marinda Oberholzer
082 889 1820
marinda.onskontrei@gmail.com

AKTUELE NUUS



Twee persone is in hegtenis geneem vir die vervoer en besit van kreef en dwelms.

Cederberg bevorder padveiligheid

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: 'n Multi agentskap, K78 het op Vrydag, 13 Maart 'n padblokkade op die N7 tussen Clanwilliam en Citrusdal uitgevoer. In Elandsbaai op die R27 het die Cederberg Munisipaliteit en hul wets-toepassers in samewerking met die Provinsiale Verkeer, SAPD, DFFE en Transnet HPS sekuriteit 'n voertuiginspeksie-punt gehou. Verskeie voertuie is voorgekeer en persone is deursoek. Boetes is uitgereik aan

motoriste wat die Nasionale Padverkeerswet, Wet 93 van 1996, oortree het. Twee persone is ook in Elandsbaai beboet en in hegtenis geneem vir die onwettige besit en vervoer van kreef en dwelms. Cederberg Munisipale Verkeer en Wets-toepassing bly verbind tot die bevordering van padveiligheid, die afdwinging van verkeerswette en die samewerking met vennootagentskappe om die veiligheid van alle padgebruikers te verseker.

SAPD lê beslag op onwettige drank

Berig: Mariaan Smuts

CLANWILLIAM: Konstabel Gqokoda was Maandag, 23 Maart om 12:30 besig met 'n patrollie in Khayelitsha toe hy 'n onbekende man sien met geseëde Castle Light biere. Hy het die perseel binnegegaan en gevind dat die verdagte besig was om 'n kliënt te bedien. Hy het die persoon gevra vir sy dranklisensie, maar die verdagte kon nie 'n lisensie toon nie. Gqokoda het die man gearresteer vir handel in drank sonder 'n lisensie. Speurder-konstabel Waterboer het die dossier ontvang vir verdere ondersoek. Die man is ondervra en beboet met 'n afkoopboete van R1 500. Hy moet voor 24 April die boete betaal en sal op 29 April in die hof verskyn op aanklagte van handel in drank sonder 'n lisensie. Al die drank op die perseel is gekonfiskeer en word aan die staat verbeurd verklaar. In 'n ander voorval het Konstabel Syster 'n vermoede gehad dat daar

onwettige drank by 'n perseel in Khayelitsha verkoop word aan mense wat in die struktuur sit en drink. Syster het 'n lasbrief bekom om die perseel te deursoek.

Op Maandag, 23 Maart om 02:40 het hy die perseel besoek en die eienaar gevra vir sy lisensie om drank te verkoop. Die eienaar kon nie 'n geldige dranklisensie verskaf nie. Syster het die persoon gearresteer vir handel in drank sonder 'n lisensie.

Die dossier is aan speurder-konstabel Waterboer oorhandig vir verdere ondersoek. Die beskuldigde is beboet met R1 500 wat hy nie kon betaal nie. Hy het Maandag in die hof verskyn en die afkoopboete betaal.

Die drank op die perseel is gekonfiskeer en word aan die staat verbeurd verklaar.



Spazas word ondersoek

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CEDERBERG: Cederberg se wetstoepassingsdepartement het op Woensdag, 12 Maart 'n nakomingsinspeksie operasie by verskeie spazas in Citrusdal uitgevoer. Cederberg se openbare veiligheidsdepartement beklemtoon dat die nakoming van gesondheid en veiligheid nie onderhandelbaar is binne die munisipaliteit nie. Tydens die operasie is bevind dat ver-

skeie winkels oortree het ten opsigte van toepaslike munisipale verordeninge en ander relevante wetgewing. Gevolglik is boetes aan die oortreders opgelê. Verdere nakomingsinspeksies sal voortduur regoor die munisipale jurisdiksie om die nakoming van die voorgeskrewe regulasies te verseker.



Wetstoepassers besoek spazas in Citrusdal.

SAPD lede word bevorder

Berig: Kaptein Ludick
Foto: Verskaf

VANRHYNSDORP: Vyf lede van Vanrhynsdorp SAPD is op 1 Maart bevorder vanaf konstabel tot die rang van sersant. Die lede is almal toegewyd en dien hul gemeenskap met alles in hulle. Op Vrydag, 20 Maart tydens 'n geleentheid by Van Rhyn Gastehuis is lede by wyse van 'n seremonie deur die bestuur amptelik

gelukgewens met hul nuwe rang. Die stasiebevelvoerder het in sy toespraak genoem dat saam met die rang kom daar meer verantwoordelikhede. Ook dat sersante 'n integrale deel vorm as die oorsieners oor die juniors as voetsoldate en dat hulle die voorbeeld in gemeenskappe moet stel.



Kaptein GJ Ludick saam met sersante JM Filand, MM Koopman, AF Afrika, J Filander, adjutant-ofisiere JJ van der Westhuizen en AM van der Berg. (Sersant EG Rhaman was afwesig tydens die foto.)

Kantoorspasie TE HUUR

Centralstraat 8, Vredendal
Skakel 082 889 1820

110m²



Hou jou tuin in goeie toestand, selfs gedurende die water beperkings. Met behulp van 'n Maskam Gryswater Stelsel kan jy al jou gryswater hergebruik vir 'n prag somer tuin.

- Huidige model is in gebruik sedert Januarie 2016
- Ingeboude filter verwyder wolletjies en hare, wat verstopping van sproeiers verhoed
- Gryswater word behandel voor gebruik.



Olive str, Vanrhynsdorp

- GEEN slegte reuke nie.
- 100% tevrede kliënte tot op datum.



NGK Nieuwoudtville Paas Basaar

Saterdag, 04 April 2026 vanaf 09:00 wag
heerlike braaivleis, pannekoek, gebak,
gebottelde produkte en 'n spesiale tafel
waar kinders self kan kies en keur – en dit
is net die begin! Vir die jong klomp is
daar ook 'n opwindende hindernisbaan wat
vir baie pret en avontuur sorg.



HOOF NUUS

Totsiens, maar nie vaarwel

Op skool het ek opstelle met 'n passie gehaat en toe vind ek in my 22 jaar by Ons Kontrei uit om 'n berig te skryf, is amper soos opstelle skryf.

Jy doen dit net met konkrete feite en die regte leermeesters aan jou kant. Leermeesters het ek baie gehad: die SAPD, die speurkantoor se kaptein en een spesifieke leser wat nie een week se koerant misgeloop het nie.

Ek kan nou met reg beskou word as deel van die antieke meubels by Ons Kontrei. Dis onmoontlik om te sê hoeveel mense het in my tyd in die redakteurstoel gesit en hoeveel joernaliste gekom en gegaan het. Ek het almal oorleef.

Dis moeilik om na soveel jare vir my getroue lesers en adverteerders totsiens te sê. Ek wil elke lieve kliënt bedank wat my deur die jare getrou ondersteun het, elkeen wat gereeld vir my nuus deur-gegee het en ook foto's verskaf het. Veral die laaste jaar en 3 maande het ek soveel hulp met berigte gehad. Mense wat ek kon vertrou en nie geskroom het om vir my die inligting deur te gee nie.

Ek het die voorreg gehad om baie nou saam met Clanwilliam SAPD en die Clanwilliam Brandweer te werk. Die jong manne by die brandweer het later soos my kinders gevoel en ek sal altyd 'n sagte plekkie vir hulle hê.

Joernaliste het nie 'n maklike "glamorous" werk nie. Jy is 24 uur aan diens; maak nie saak of dit Sondag is nie, hulle

verwag dat jy op baie kort kennisgewing daar moet wees. Ek het deur die jare baie vriende verloor omdat ek 'n funksie moes bywoon en verskoning moes maak. Ek het ook baie kosbare vriende se verjaardae misgeloop omdat ek nie daar kon wees nie. Selfs 'n paar se laaste verjaardag met ons.

Hiermee sê ek dan totsiens, maar nie vaarwel. Daar is te veel wat baie goeie vriende geword het met wie ek kontak sal behou.

**Mariaan Smuts
Clanwilliam**



Swanesang van 'n Stoepfilosoof

Wanneer 'n stem in 'n gemeenskap stil raak, is dit gewoonlik baie hartseer. Veral wanneer daardie stem deel gevorm het van die betrokke gemeenskap vir langer as 'n halfeeu en deurentyd probeer het om die "morele" wagbond te wees.

So kom dit dan dat die een "stem", ons eie gemeenskapskoerant, na hierdie week sal stilraak. Die ander "stem", ons gemeenskapsradiostasie se toekoms lyk ook wankelig.

Maar waar gaan lê 'n mens die blaam as jy na die dermsryg wil weet presies wat het fout gegaan. Maklik om te sê: begin by die finansies. Ja, beide hierdie twee entiteite moet soos 'n tradisionele besigheid bedryf word, maar daar is meer as net dit.

Hoeveel keer het jy nie die koerant vin-nig gekoop en oopgeslaan om jou spruit te sien in sy graad 1 foto nie, of toe jou kind deelgeneem het aan 'n Boland Atletiekbyeenkoms, of die pragfoto's van die matrieks by hulle verskeie uit-hang geleenthede.

Ek voel dat die gemeenskap maar 'n slag die stetoskoop na hulle eie boesem moet draai en daar kyk. Ondersteun plaaslik en koop plaaslik word heen en weer geskree, maar dis nêrens meer van toepassing as hier en nou met Ons Kontrei se sluiting en Radio Nama-kwaland se probleme nie.

Hierdie Stoepfilosoof vee vandag 'n traan af, want Ons Kontrei was vir my 'n teelaarde vir my woorde en my liefde vir die gemeenskap. Ek voel onge-looflik sterk daaroor dat die algehele verval van ons gemeenskap 'n groot bydraende faktor is in die "afsterwe" van hierdie stem....

Ons Kontrei. Die lekkerte van 'n ge-drukte koerant oopvou en lees en ruik en bekyk sal ons van nou af mis. Maar soos met die afsterwe van 'n geliefde, sal jou "stem" vir nog baie jare voortleef.

**SELA
Tossie Beukes**



Dankie vir die geleentheid

Ses jaar gelede het ek hier in-gestap ná ses jaar in die onderwys - 'n kinderdroom wat bewaarheid is: 'n joernalis by die see.

As iemand van Klerksdorp moes ek bitter vinnig die om-gewing leer ken.

Al was my betrokkenheid by Ons Kontrei se geskiedenis relatief kort, het dit 'n bly-wende en diepgaande impak op my lewe gemaak.

Ek het gou besef onderwys-druk en koerantdruk is nie die-selwe nie. Een van die eerste lesse wat Tossie Beukes my geleer het, is dat jy 'n dik vel moet hê - en hoe waar is dit nie.

Verskeie berigte het my diep geraak: die kindermoord op Klawer, ouers wat saam in 'n ongeluk oorlede is, 'n outis-tiese seun wat verdrink het, en kinders en ander persone wat in brande omgekom het - om maar net 'n paar te noem. Te midde van hierdie trauma moes ek steeds sterk bly, selfs wanneer ek die kommentaar op Facebook lees oor hoe on-gevoelig ons glo is. Ons is eg-ter ook net mense wat ons werk doen, soos enige ander.

As joernalis het ek ook baie geleer - onder meer oor wyn-produksie en ander aspekte van die omgewing. Dit het my kennisveld verbreed, en dit sal my altyd bybly. Ek het ook

ontdek dat ek baie sterker is as wat ek ooit gedink het. Om ná ses jaar elkeen per-soonlik te bedank vir hul hulp met verskeie berigte - hetsy sport, skole of harde nuus - is byna onmoontlik. Maar aan elkeen met wie ek gereeld ge-skakel het: baie dankie, ek waardeer dit opreg. Ek wil graag spesifiek my dank uit-spreek teenoor die brand-weer, EMS, Lutzville SAPD, Vanrhynsdorp SAPD en Vre-dendal SAPD vir julle geduld en samewerking - en vir elke "enigiets van julle kant af dié week?" Laastens bedank ek my kliëntebasis van die afge-lope ses jaar.

Dankie, Matzikama, dat julle vir 'n "inkommer" 'n kans ge-gee het om deel van die om-gewing se geskiedenis op pa-pier vas te lê.

**Annemarie Munnik
Koekenaap**



Dankie vir 58 jaar se ondersteuning!

Telkom

Stream with uncapped fibre.

On Promotion*

Stream Connect»Fibre

25/25

Mbps

R399

Per month**

WIN over R100 000 in prizes!

Sign up between January and March 2026 to stand a chance to win a Smart Home device bundle.

T&C apply.



Valued at R35 000.

Call 10213, visit [Telkom.co.za](https://www.telkom.co.za) or go to any Telkom Shop

Possible begins here

Standard terms and conditions on all promotions and products apply and can be viewed at www.telkom.co.za. E&OE. Deal valid from 1 January - 31 March 2026. Telkom shall be entitled in line with the Act (Electronic Communications Act 36 of 2005) and/or any Regulation to adjust the amounts reflected under Telkom's Tariff List from time to time. *Fibre promotion comes to an end 31 March 2026. **Promotional pricing only applies for the first 6 months of the 12-month contract. Thereafter, standard pricing will apply for the remainder of the contract.

BRIEWE & RUBRIEKE

Dagboek 2026

Stuur gerus 2026 se datums na info.onskontrei1@gmail.com

NIEUWOUDTVILLE:
NGK Plaas Basaar
Saterdag, 4 April
09:00

LAMBERTSBAAL:
Pietie se Potjiekos kompetisie
Saterdag, 4 April
by Pietie se slaghuys
09:30
Inskrywings by Pietie se Slaghuys.

VREDENDAL:
Because we Care bied aan
Steve Hofmeyr
Saterdag, 18 April
Welverdiend Pakstoor

CITRUSDAL:
Fliekaand onder die sterre
Saterdag, 18 April
Laerskool Olifantsvallei
18:00 vir 18:30

CLANWILLIAM:
Mnr & Mej Augsburg
Augsburg Landbougimnasium
Donderdag, 23 April
Deure open 18:30

Ons Kontrei proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.



Ons Kontrei
Ons mense se koerant

UITGEWERS:
Riaan Oberholzer
Marinda Oberholzer

REDAKSIE:
Annemarie Munnik 082 657 3182
edit.onskontrei1@gmail.com
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za (Cederberg)

GRAFIESE ONTWERPER:
Marieta Swanepoel
info.onskontrei1@gmail.com

BEMARKING:
Annemarie Munnik 082 657 3182
ads2.onskontrei1@gmail.com
Matzikama-area
Mariaan Smuts 082 926 9934
maaitjie@isales.co.za
Cederberg-area

VREDENDAL KANTOOR:
027 213 2074
acc.onskontrei@gmail.com

Gedruk deur: Inc. Print Solutions

God is in volkome beheer van alle omstandighede

Skrifgedeelte: Psalm 66 (AFR53)

Fokusgedeelte: Psalm 66:7 "Hy heers vir ewig deur sy mag; sy oë hou wag oor die nasies. Laat die wederstrewiges hulleself nie verhef nie. Sela." (Afrikaanse Vertaling 1953)

As die digter van Psalm 66 onder inspirasie van die Heilige Gees hierdie loflied vir God se uitredding ná swaar lyding dig, dan dink hy in vers 6 terug aan twee van God se grootste daade in sy volk se geskiedenis, die deurtog deur die Rooisee en die Jordaan. Hy onthou God se verlossing uit die slawehuis van Egipte, hoe die Here vir sy volk 'n pad deur die Rooisee gemaak het toe Farao hulle agterna gejaag en teen die seë vasgekeer het. Eksodus 14:24 sê: En in die môrewaak het die HERE in die vuur- en wolkkolom op die leer van die Egiptenaars afgekyk en die leer

van die Egiptenaars in verwarring gebring. En die uiteinde daarvan was dat die Egiptenaars, wat agter Israel die Rooisee ingetrek het, binne-in die see gestort is toe Moses sy hand oor die see uitgesteek het en dit in sy bedding teruggevloei het. Hy dink ook aan God se getrouheid hoe Hy sy volk veilig na die woestyn reis deur die Jordaan op droë grond laat deurtrek het die beloofde land in.

Dit bring hom in vers 7 daarby hoe God alles sien wat gebeur en hoe sy oë waghou oor die nasies. God is in beheer, die nasies kan maar in opstand kom, dit sal hulle niks baat nie. Hy sien al hulle planne en maak dit op sy tyd tot niet. Hulle kan niks vir Hom wegsteek nie, want niks ontgaan sy oë nie. Spreuke 15:11 leer dat die oë van die Here op elke plek is en hulle beskou opmerkzaam die slegtes en die goeies. Die goddelose het daarom veel te vrees van die

een wat sien wat hulle doen en wat die krag het om hulle te vernietig. Daarom moet die wederstrewiges hulle nie verhef, hulle hande nie teen hom op lig in hoogmoed nie, want hulle kan nie ontsnap van die mag van die almagtige God nie, Hy heers vir ewig deur sy mag.

Deur die kruis van Jesus Christus, waar Hy ons uit die slawehuis van die sonde verlos het, het Hy Satan wat agter al die nasies se bose planne staan, oorwin en het God die opstandige nasies aan Christus as erdeel gegee om hulle te verpletter met sy ysterstaf en stukkend te slaan soos 'n erdepot (Ps. 2:8, 9). Daarom kan ons as gelowiges te midde van die gewoel en opstand van die wederstrewige nasies teen God en sy kerk, deur die Heilige Gees se werking rustig wees en in alle omstandighede kalm bly, omdat ons weet God is in volkome beheer van alle omstandighede, sy oë hou wag oor die nasies.

Dominee Jaco Putter

Besluit nie ligtelik geneem

Die besluit om Ons Kontrei te sluit, is nie ligtelik geneem nie, dit is immers 58 jaar se bestaan wat in ag geneem moes word. Hoë druk-, vervoerkoste en dalende advertensie inkomste was die beweegrede vir die sluiting. Opsies soos subskripsie tot Ons Kontrei webblad is oorweeg. Tydens gesprekevoering met ander koerante wat reeds die webblad met subskripsie-roete probeer, het hulle aangedui dat dit na

maande steeds nie 'n winsgewende opsie is nie en dit sal dalk jare neem om te bereik. Facebook en Google het algoritmes in plek wat gebruikers na hulle betaal adverteerders "re-direct" dus is hierdie ook nie 'n opsie nie.

Wetgewing verplig sekere kennisgewings om gepubliseer te word in plaaslike koerante - sterkte met die tariewe wat julle nou gaan betaal. Ons Kontrei se webblad en Facebookblad sal steeds voortbe-

staan. **Protea Drukkery gaan voort soos normaal en ons sal steeds drukwerk en promosiemateriaal druk en die telefoonlys uitreik**

Baie dankie aan elke adverteerder, leser, medewerker en werknemer wat deur die jare Ons Kontrei ondersteun het.

Spesiale dank aan Marinda Oberholzer wat sedert 2001 betrokke was by die koerant as bestuurder.

Ons Kontrei Bestuur

Julene Stephan - 40 jaar van Ons Kontrei

Julene Stephan (95) en tans woonagtig by Vredendal Tehuis vir Bejaardes, reflekteer op 40 jaar se bydraes as korrespondent vir Ons Kontrei nadat sy in 1986 begin het om kort nuusberigte te skryf.

"Ek het reageer op 'n advertensie wat die koerant geplaas het, op soek na plaaslike korrespondente wat kort nuusbrokkies kon versamel van tyd tot tyd.

My man het voorgestel ek probeer dit, aangesien die kinders reeds almal (behalwe een laatlammetjie) uit die huis was, en lewe op die plaas effens rustiger geraak het... tussen die VLV en vrywillige werkies vir die kerk en gemeente, wou ek graag "joernalistiek" probeer.

Op die eerste dag in die kantoor word ek 'n kamera in die hand gestop met geen idee wat om daarmee te doen... Naas Oberholzer kon netsowel 'n pofadder in my hande gegooi het, so groot het ek geskrik... "druk net daai knoppie, en neem sommer genoeg foto's," en só het ek die paadjie begin stap.

Ek het my eerste kans vir joernalistiek by Ons Kontrei gekry en by hulle alles geleer wat ek moes weet. Standaard uitspraak van Naas Oberholzer was altyd: "As jy iets in 3 woorde kan sê, moenie 5 gebruik nie." Ek het elke geleentheid wat ek kon bywoon om 'n berig te skryf, met oorgawe geniet en baie geleer. Deur die jare was ek ook sekretaresse van die wynproewersgilde en het ook gereeld daaroor

geskryf. Dit is inderdaad 'n groot trots om ons eie omgewing se harde werk en vrugte te vier met die duiwe, en wyn wat hier geoes en produseer word. Ek het my werk so geniet, dat Die Burger dit raakgesien het, en vir 'n klompie jare was ek ook hulle korrespondent in die streek.

Ek is inniglik dankbaar vir my jare as verslaggewer en leser van Ons Kontrei. Jul bydrae tot ons gemeenskap se geskiedenis is van onskatbare waarde!

Baie dankie daarvoor!

- Julene Stephan



Julene Stephan op haar 95ste verjaardag, 30 Augustus 2025.

Ons gaan jou mis!

Hierdie klein, maar "GROOT" koerantjie gaan ons nog baie mis!

Waar gaan ons, ons "Dagboek van die streek" kry wat altyd op bladsy 4, links bo verskyn het? Elke basaar, elke dans elke skou, elke optrede van kunstenaars is in Ons Kontrei adverteer. Waar kan ons nou 'n kompliment aan iemand gee of kritiek lewer? Waar kan ons mense of organisasies bedank wat die streek 'n beter plek maak? Oom Valter Blaugsted het die koerant begin en toe het Riaan Oberholzer se pa, oom Naas oorgeneem. Ek sien hom vandag nog met sy groot kamera om sy nek, besig om rugbywedstryde, atletiek en skoue af te neem vir sy koerant.

In 1996 neem Riaan Ons Kontrei oor, 'n hele 30 jaar aan die stuur! Dankie Riaan en Marinda en personeel dat julle ons deur die jare baie goed ingelig het oor wat in ons streek gebeur. Dankie vir goeie artikels oor die jare. Artikels oor gesondheid, veiligheid, ons dam, ons naburige dorpe, ons munisipaliteite, ons polisie, ons hospitaal, nuwe planne vir die dorp, nuwe intrekke, nuwe besighede ensovoorts, ensovoorts. Ek het Ons Kontrei elke Vrydag saam met Die Burger gekoop.

My ma het altyd 'n klomp van hulle in my pakkies gesit toe ek in die weermag was. Sodoende het ek die hele tyd geweet wat in die Vallei gebeur. Ons gaan dit regtig baie mis.

Gideon en Vere van Zyl

Vredendal Verkeersentrum nou 'n vyfsterdiens

Wat 'n plesier om nou jou lisensies te gaan uitneem en jou padwaardigheids-toets te laat doen. Dankie inspekteur Jan Fortuin (Plattie) dat julle na baie jare se vra, 'n inligtingstafel by die voordeur ingerig het. Al die jare moes 'n mens in 'n lang tou sit en as jy dan voor by die toonbank kom, hoor jy jy het die verkeerde vorms of kort nog inligting. Dit is dan wanneer die kliënte ongelukkig geraak het.

Nou is dit 'n plesier. Jy kom in by die deur, die persoon by die tafel groet vriendelik en bied haar hulp aan. Dit is nou regtig 'n groot verbetering. Nou kan die kassiere alles invoer en hulle aandag word nie verdeel om onvolledige inligting te soek nie. Almal, van die voordeur regdeur tot by die kassiere is baie vriendelik en behulpzaam.

Die toetssentrum het ook 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Baie dankie Matzi-

kama raad wat besluit het om dit te privatiseer. Die nuwe eienaar en van sy personeel het ook al 'n paar van ons landbouverenigings besoek en hulle volledig ingelig oor die tariewe en tye en dienste wat hulle lewer. Wat 'n groot verbetering.

Dankie almal wat hierdie groot verbetering moontlik gemaak het en elke dag dit vir die kliënt so goed as moontlik bedryf.

Gideon van Zyl

Leefkring-groep kuier saam

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Die Leefkring-groep van Sederhof het verlede week 'n heerlike geselskring gehou met 7 vriende van Sederhof wat saamgekuier het. Die groepie se leuse is: Waar die lewe aanhou blom. Inwoners het in klein groepies van drie tot vier by tafels gesit. Die gaste het ná elke vraag na die volgende tafel aangebeweeg. Dit het 'n lekker, dinamiese vloe van verskillende gesprekke versaker. Almal het 'n kans gehad om met mekaar te gesels. Die vrae was interessant en uiteenlopend. Vrae het gehandel oor waar hulle grootgeword en gewerk het tot wat hulle

as 21-jariges vandag sou wou doen. Hulle kon selfs 'n wens of wysheid uit hul jeug met mekaar deel. Die groepie kon tussen gesprekke smul aan kolwyntjies en heerlike ystee. Die oggend was gevul met lag, stories en kosbare herinneringe. Almal was dit eens dat hulle baie by hul mede-inwoners geleer het en dat die gesprekke somer weer vir nuwe denke en kuiergeleenthede vir die toekoms gesorg het, ook vir die wat dit nie kon bywoon nie. Die oggend was 'n bewys dat 'n eenvoudige gesprek mense nader aan mekaar bring.



Die Leefkring-groep kuier heerlik saam.



Van die dames wat die biddag bygewoon het.

Wêreldbiddag vir Vroue

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL-NOORD: Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christen vroue van verskillende lande. Hierdie inisiatief word elke jaar op die eerste Vrydag in Maart gevier. Die Vroue van Nigirië het vanjaar se program saamgestel. Die tema was: "Kom, ek sal jou rus gee." -Matteus 11: 28-30. Meer as 'n 100 vroue van verskillende kerke het die byeenkoms by die Metodiste Kerk bygewoon.

"Something amazing happens to our hearts when we pray for another person. The hardness melts." — Stormie Omartian

KANTOORMEUBELS TE KOOP

Kan besigtig word by Centralstraat 8, Vredendal
Navrae: Marinda 082 889 1820



Kas met
deure en rakke
aan beide kante
210 x 63 x 168



Lessenaar
160 x 90



Ontvangstoonbank
285 x 220 x 200



2 x L-vorm lessenaars
1 x lang lessenaar



Lessenaar
170 x 92

Verskeie
kantoor-
stoele

Lessenaar
153 x 90



Ons kyk terug op 58 jaar se diens aan die gemeenskap

CEDERBERG/MATZIKAMA: Na 58 jaar se diens aan die gemeenskap, sluit Ons Kontrei Streekskoerant sy deure. Die koerant het in Desember 1968 die lig gesien met Valter Blaugsted as eienaar. Die koerant het eintlik sy ontstaan gehad vir die Suikerbosse bioskoop se maandprogram. In die begin was dit 'n A5 formaat. Paai van Zyl, historikus van die omgewing en Barney van der Merwe, destyds onderwyser by Hoërskool Vredendal was medewerkers wat interessante brokkies nuus uit die omgewing verskaf het.

Ons Kontrei is in Oktober 1974 oorgekoop deur Ignas en Babs Oberholzer. Die intekengeld was toe 10c. In 1996 het Riaan, hul seun by die span aangesluit. Babs het toe onlangs nog elke Woensdag gehelp met proëfles. Aan die beginjare het die koerant slegs een keer per maand verskyn. In die laat 70's het dit verander na tweewekliks en vanaf 1985 is Ons Kontrei elke week op straat. Slegs gedurende die Covid-19 pandemie in April 2020, het die koerant nie verskyn nie.

Vir byna ses dekades het Ons Kontrei die voorreg gehad om Cederberg en Matzikama se stories te deel.

"Ons bedank graag ons lojale lesers, toegewyde adverteerders en almal wat ons deur die jare ondersteun het. Met hierdie sluiting verloor Cederberg en Matzikama nie net 'n koerant nie, maar 'n lewende stukkie van sy geskiedenis," aldus Ons Kontrei bestuur.

ONS KONTREI

Desember 1968

Doringbaai - Kluwer - Kookkams
Lambertbaai - Lutzville - Nieuw
Vereeniging - Vredendal

BIOSKOOP PROGRAM
INGESLUIT

DIE BOLANDESE EKSEKUTEURSKAMER BPK.
Gedagtes: Agterste Edele

7% vaste Deposito 5% spaarrekenings

FINANSIERING: Verbaande en Voorskotte
EIENDOMSAGENTE: Veiligings en Afsaers
VERSEKERING: Korttermyn en Lewens

al hierdie diens beskikbaar by ons VREDENDAL TAK
Voortrekerstraat, Posbus 40, Foon 193, Vredendal.

ONS KONTREI

15s

OU VIR DIE TOEKOMS

Van der Merwe, Barney

Salendagend 21 April om 7m.
Saterdag 22 April om 7m.
Saterdag 23 April om 7m.
Saterdag 24 April om 7m.
Saterdag 25 April om 7m.
Saterdag 26 April om 7m.
Saterdag 27 April om 7m.
Saterdag 28 April om 7m.
Saterdag 29 April om 7m.
Saterdag 30 April om 7m.

Mei 1976.

ONS KONTREI

Februarie 1977. No. 97

15s

HOËRSKOOI NAMAQUALAND

Van der Merwe, Barney

Februarie 1977.

ONS KONTREI

15 NOVEMBER 1978. No. 128

15s

GRAAFWATER JUIG

Van der Merwe, Barney

ONS KONTREI

15 April 1975. No. 127

15s

STAND VAN CLANWILLIAMDAM

Van der Merwe, Barney

15 April 1975.

Die Olifants

15s

Stand van Clanwilliamdam

Van der Merwe, Barney

20 April 1984.

ONS Kontrei

15s

Nuwe polisieestasie op Vredendal in aanbou

Van der Merwe, Barney

ONS Kontrei

15s

Graafwater juig oor helder gesuiwerde water

Van der Merwe, Barney

ONS Kontrei

15s

Boorgat op Citrusdal sterkste nóg in land

Van der Merwe, Barney

27 Februarie 1998.

ONS Kontrei

15s

Ou hotel maak plek vir nuwe ontwikkeling

Van der Merwe, Barney

ONS Kontrei

15s

Resessie keer nie die Rittelleesgangers

Van der Merwe, Barney

ONS Kontrei

15s

Kreeffabriek gereed!

Van der Merwe, Barney

26 November 2010.

ONS Kontrei

15s

Holrivier word geteer

Van der Merwe, Barney

ONS Kontrei

15s

Busongeluk op Holrivierpad

Van der Merwe, Barney

ONS Kontrei

15s

Rioldansers op pad na Amerika

Van der Merwe, Barney

25 April 2014.

ONS Kontrei

15s

Kuslyn sak inmekaar - Is mynbedrywighede die oorsaak?

Van der Merwe, Barney

ONS Kontrei

15s

Nuwe brug op N7 oopgestel

Van der Merwe, Barney

ONS KONTREI

Desember 1968 - November 2018

15s

50

Van der Merwe, Barney

16 November 2018.

ONS Kontrei

15s

Damprojek nou op dreef

Van der Merwe, Barney

ONS Kontrei

15s

Gevang met drank in kattebak

Van der Merwe, Barney

ONS KONTREI

Desember 1968 - November 2018

15s

50

Van der Merwe, Barney

14 Mei 2021.

INDEKS Geklassifiseerd * Betrekkings * Bedankings * Kennisgewings

1. GELUKWENSING
2. STERFGEVALLE
3. IN MEMORIAM
4. BEDANKINGS
5. LENINGS
6. DIENSTE
7. DAGSORG
8. EETGOED
9. BETREKKING
10. VERLORE / VERMIS
11. ALGEMEEN
12. BOTE / DIUK-TOERUSTING
13. LEWENDEHAWE
14. TROETELDIERE
15. GESOEK / BENODIG
16. MEUBELS
17. MUSIEK-INSTRUMENTE
18. RADIO / TV / VIDEO
19. TUINBOUDIENSTE
20. JUWELIERSWARE
21. BESIGHEIDS-GELEENTHEID
22. SPORTTOERUSTING
23. VAKANSIE
24. AKKOMMODASIE
25. REKENAARS
26. KANTOOR-TOERUSTING
27. BOUMATERIAAL
28. BOUWERK / VERF
29. VERVOER
30. AKKOMMODASIE
31. TE HUUR
32. SEKURITEIT / WAPENS
33. FIETSE
34. MASJINERIE/IMPLEMENTE
35. ONDERDELE / ENJINS
36. MOTORHERSTELWERK
37. SLEEPWAENS
38. MOTORFIETSE
39. WOONWAENS
40. VOERTUIG
41. EIENDOM
42. BETREKKINGS
43. BLINDINGS
44. ELEKTRIESE-WARE
45. GRASSNYERS
46. TE KOOP
47. TE RUIL

Pasella Ads

TE HUUR Kleinrivier-area:
2 slaapkamer huis op
plaas, 076 294 1502 / 082
811 9959.

**NAMAQUA
PESKONTROLE**

Professionele
plaagbeheer
waarop jy kan vertrou!

Spuut & beheer van:
Kakkerlakke
muggies, miere,
vlooie
en ander insekte
**Betroubaar &
doeltreffend.**
Skakel
Johnny Laubscher
084 611 3147

**NEEM
KENNIS
PROTEA
DRUKKERY
GAAN
VOORT MET
BESIGHEID!**

Vir die druk
en ontwerp
van boeke
kontak
ons gerus.

**PROTEA
DRUKKERY**

Marieta Swanepoel
082 507 2340

Marinda Oberholzer
082 889 1820

of stuur u
inligting na
info.onskontrei1.co.za

My Love Anne-Lize,

Op 2 Mei 2026, in die hart van
Clanwilliam, die Blommekerk, begin
ons, ons reis saam as man en vrou.
'n Dag waarna ek al baie lank uitsien
en is ongelooflik dankbaar en trots
om my lewe saam met jou te kan
deel!

Aan jou wonderlike ouers, Oom Flip en
Tannie Ilse Lochner. Ek is opreg
dankbaar vir die amazing vrou wat julle
grootgemaak het, en dat ek haar my
vrou kan noem.

Hier begin ons storie, 'n
leeftyd van liefde, geluk
en mooi herinneringe
saam.

**Your love,
Trevor**

World Social Work Day highlights unseen pressures

Press release

CEDERBERG/MATZIKAMA: World Social Work Day was celebrated on 17 March under the banner 'Co-Building Hope and Harmony. A Harambee Call to Unite a Divided Society'. The focus highlights the role social work plays in bringing people together across communities and cultures to shape a more inclusive and sustainable tomorrow. Social workers say it reflects the realities they encounter while supporting families facing increasing pressure.

Says Cornelia Giliomee, a social worker at Badisa, "Many of the challenges people experience happen behind closed doors. We see children who are neglected because parents are overwhelmed by substance abuse, poverty, unemployment or unresolved trauma." She says school absenteeism and behavioural problems among children are also becoming more common.

Letitia Willemse, also a social worker at Badisa, says similar challenges are visible in the communities she serves. "Some hidden struggles in the community are mental health issues such as depression, anxiety, trauma and emotional distress due to unemployment, poverty, family conflict or exposure to violence," says Willemse. Food insecurity is another concern she sees regularly. "Due to high food prices in a low-income community, people struggle to afford food."

Both social workers say they have noticed changes in the people seeking help. Says Giliomee, "We see more people asking for help who would previously have tried to get through difficult times on their own. Economic pressure, parenting challenges and emotional strain play a role."

Willemse says social services were previously accessed mainly by people experiencing severe poverty. "Today the middle-income group also reaches out for social services due to rising living costs and financial instability." According to her, the financial pressure many families face means that people who once managed on their own are now seeking support.

"One of the biggest misunderstandings is that social workers are only there to remove children from homes," says Giliomee. "Our first priority is to support and strengthen families so that children can remain safely with their own families where possible." She continues, "A lot of our work is about counselling, guidance, conflict management and connecting families with resources. Awareness and early intervention services are very important and removal from parental care is always the last option." Willemse adds, "Our role is to listen, understand their circumstances and access the resources and support the client needs. We advocate, empower and protect."

Both social workers say stronger support

structures could help address many of the challenges families face. Says Giliomee, "Substance abuse plays a role in many of the problems we see, from child neglect to family conflict. Many vulnerable children need safe, stable care and support. If stronger structures and resources existed to protect and care for these children it could make a big difference to their future."

The theme for World Social Work Day draws on the African concept of Harambee, which refers to people pulling together to support one another. Giliomee says she saw this clearly during the COVID pandemic when churches, local businesses and residents worked together to support families in need. For Giliomee, this reflected the meaning of Harambee. "People pulled together and carried one another."

Both social workers say communities can play an important role in supporting families. "One of the simplest ways to help is to notice when someone is struggling and show care. This can be something small such as looking out for a neighbour's child, encouraging a young person, being a mentor or listening to a parent who is struggling," says Giliomee. She also encourages people to become involved in community initiatives as volunteers. Willemse says involvement and responsibility are important. "Report. Be involved. Take ownership," she says. "Then we will win together."

Klawer neem deel aan Biblioteekweek

Berig en foto: Verskaf

KLAWER: Klawer het van 16 tot 22 Maart saam met skole en biblioteke landwyd die Nasionale Biblioteekweek gevier. Hierdie jaar se tema, "Reclaiming knowledge, empowering futures", het klem gelê op die rol van lees en kennis in die bemagtiging van toekomstige geslagte.

Biblioteekaresse Petra Wagenaar het 'n reeks aktiwiteite vir die jong lesers gereël. Die program het onder meer groepe hardopleessessies, inkleurkompetisies, boeke-reëls en gelukkige trekkings ingesluit. 'n Besonder hoogtepunt was die aktiwiteit *Reading Words on the Umbrella*, waar leerders woordjies op 'n sambreel gelees het om hul leesvaardigheid te bevorder.

Die biblioteek het tydens die feesweek verskeie nuwe lede bygekry, wat 'n bewys is van die gemeenskap se toeneemende betrokkenheid by leesbevordering en biblioteekdienste.

Die Nasionale Biblioteekweek in Klawer beklemtoon die belangrikheid van lees as

'n grondslag vir opvoeding en lewenslange leer.



Van die leerders wat die aktiwiteite geniet het.

MUNICIPALITY MATZIKAMA MUNISIPALITEIT

SALE OF MUNICIPAL PROPERTY

Matzikama Municipality intends selling the properties listed in the notice below as is ("voetstoots") and interested parties are therefore invited to submit an offer for it.

TOWN	STREET	ERF NO	STATUS	Municipal value: Proposed development	For development in terms of the following zoning / restrictions	SIZE
Lutzville	Verkeer street	1309	Vacant erven	R786 000,00	Industrial zone I	5235m²
Vredendal	High street	5579*	Vacant erven	R115 000,00	Institutional zone II (church)	1189m²
Klawer	Alpha street	350	Vacant erven	R41 000,00	Business zone I	405m²

***Erf 5579:**
-the use of the erf is restricted exclusively to the establishment of a place of worship.
-documentary evidence verifying the formal constitution / establishment of the church is required.

In terms of legislation, proposed development land/unit will not be sold below the specified municipal value. Tenders with an amount less than the latter will be considered insufficient and will not be further processed. Detail information will be available on the Municipal website. The prescribed tender document will be issued with the showing of the relevant receipt amounting to R150,00.

The completed prescribed tender form with annexures and or written motivated objections and/or any comments must be placed in a sealed envelope, clearly marked "TENDER:K36:2025-2026, before or on 30 April 2026 at 12:00 during office hours in the tender box at the Municipal Offices at 37 Church Street (c/o Riebeeck and Church Street), Vredendal.

The Municipality reserves the right to withdraw any invitation to tender and/or to re-advertise or to reject any tender or to accept a part of it. The Municipality is not bound to accept the highest or any tender.

Any specification enquiries can be directed to Mr Frederick Fortuin at the undermentioned office / at ph. no 027 201 3372 or by email to frederickf@matzikama.gov.za

**MR LJ PHILLIPS
MUNICIPAL MANAGER**

NOTICE: K36:2025-2026

**MUNICIPAL OFFICES,
37 CHURCH STREET
VREDENDAL, 8160
TEL: 027 201 3300**

KOPIEREG

Geen berig, foto, artikel of advertensie wat in die ONS KONTREI verskyn het mag sonder verlof van die Redakteur gereproduseer word nie, ingevolge Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg van 1978.

ONS KONTREI se redaksie deel nie noodwendig die menings van lesers, adverteerders of korrespondente nie.

Uitgegee deur Protea Drukkery, Sentraalstraat 8, Vredendal 8160.

Uitgewer:
Riaan Oberholzer,
Posbus 140
Vredendal, 8160
Tel (027) 213 2074
Faks (027) 213 2075

Belegging in onderwysers versterk onderwys in Loeriesfontein

Berig en foto's: Verskaf

LOERIESFONTEIN: Leticia Swart is een van vier onderwysers by Loeriesfontein Primêr wat deur die plaaslike windkrag-aanlegte in Loeriesfontein ondersteun word, 'n belegging wat 'n sigbare verskil in plaaslike skole maak. Sy gee tans Afrikaans Huistaal aan graad 5 en 7 en Lewensvaardighede aan graad 6, en is passievol daarvoor om 'n positiewe en ondersteunende leeromgewing vir elke leerder in haar klas te skep. Gefinansier deur die Loeriesfontein- en Khobab-windkragaanlegte vorm hierdie inisiatief deel van die windkragaanlegte se Sosio-ekonomiese Ontwikkelings-program. Met 'n sterk fokus op onderwys prioritiseer die program die befondsing van onderwysers, vaardigheidsontwikkeling, asook geletterdheids- en STEM-ondersteuning. Hierdie belegging speel 'n kritieke rol in die vermindering van leerder-onderwyser-verhoudings, die versterking van klaskamerkapasiteit en die verbetering van die algehele gehalte van onderrig en leer op grondslag-, intermediaire en seniorfase vlak. By Loeriesfontein Primêr strek die ondersteuning verder as Leticia Swart na nog drie opvoeders, naamlik meneer Ryk, wat Engels Eerste Addisionele Taal en

Sosiale Wetenskappe aan graad 7-leerders aanbied; mevrou Koopman, wat Afrikaans Huistaal aan graad 5 en 7 gee; mevrou Nel, wat graad 2B lei; en mevrou Burden, wat graad 3B onderrig. Saam versterk hierdie onderwysers die leerproses oor belangrike fases en verseker dat leerders die nodige aandag en vakspesifieke ondersteuning ontvang. Benewens personeelondersteuning befonds die windkragaanlegte ook die Mathematics Curriculum Online -program vir graad 3 tot 7. Die program versterk wiskundevaardighede deur interaktiewe aanlyn oefeninge wat onmiddellike terugvoer bied. Met erkenning aan die behoefte aan addisionele ondersteuning om die program doeltreffend te bestuur, het juffrou Klaaste, die skoolhoof, suksesvol befondsing vir 'n assistent-onderwyser aangevra, wat tans in haar derde jaar by die skool is. Die ondersteuning strek ook tot by Hoërskool Loeriesfontein, waar twee jong onderwysers, juffrou Van den Heever en juffrou Phoni, asook 'n algemene werker, meneer Koose, befonds word. Dit versterk nie net akademiese aanbieding nie, maar verseker ook dat die skool 'n veilige en goed onderhoude omgewing vir leerders bly.



Willem Koose (algemene werker), Mushai Louw (ekonomiese ontwikkelingsprojekbeampte by Loeriesfontein- en Khobab-windkragaanlegte), juffrou Phoni (onderwyser), juffrou Van den Heever (onderwyser), Anchel Opperman (senior projekbeampte by Loeriesfontein- en Khobab-windkragaanlegte) en meneer Klaaste (skoolhoof van Hoërskool Loeriesfontein).



Voor is juffrou Burden, Nel en Koopman. Agter is Anchel Opperman (senior projekbeampte by Loeriesfontein- en Khobab-windkragaanlegte), juffrou Du Plessis, juffrou Klaaste (skoolhoof van Loeriesfontein Primêr), meneer Ryk en Mushai Louw (ekonomiese ontwikkelingsprojekbeampte by Loeriesfontein- en Khobab-windkragaanlegte).

"A good teacher is like a candle – it consumes itself to light the way for others." — Unknown



TRANSPORT REQUIREMENTS FOR TRONOX MINE, BRAND-SE-BAAL.

LTA AUTECON HEREBY REQUESTS QUOTATIONS FROM LOCAL REGISTERED TRANSPORT COMPANIES TO PROVIDE TRANSPORT SERVICES FROM LUTZVILLE TO TRONOX MINE.

WE INVITE ALL TRANSPORT SUPPLIERS TO TENDER FOR THE SUPPLY OF SUITABLE, SAFE AND COMPILANT TRANSPORT FOR PERSONNEL, BY MEANS OF THE FOLLOWING: - 65 SEATER BUS - RATE PER KM

THE ABOVE RATE PER KM IS TO INCLUDE FOR:

- APPROXIMATELY 170KM ROUND TRIP PER DAY – 5 DAYS PER WEEK, DAILY RETURN TRIP FROM LUTZVILLE TO TRONOX MINE FOR EVERY WEEKDAY OF THE MONTH.
- DIESEL AND MAINTENANCE.
- THE APPROXIMATE PERIOD BETWEEN APRIL TO NOVEMBER 2026.
- TRANSPORT MUST BE ROAD WORTHY AND MUST BE EQUIPPED WITH SEAT BELTS FOR ALL PASSENGERS, AND COMPLY FULLY WITH MINE SAFETY SPECIFICATIONS.
- THE BUS TO REMAIN ON SITE FOR THE DAY.
- DRIVER TO HAVE VALID PDP AND CODE 14, MINE COMPILANT (I.E. MEDICAL/KBC/PIT LICENSE AND BE ABLE TO LITRATE IN ENGLISH).
- COMPANY TO HAVE STANDBY DRIVER IN THE EVENT OF MAIN DRIVER NOT BEING AVAILABLE.

TENDERERS MUST BE FROM THE MATZIKAMA MUNICIPALITY AREA,

Statutory Compliance Documents and Conditions for Transportation Tender:

- Detailed Company Profile with full contact information.
- Transporters must have previous experience in supply of transport.
- Proven track record: Transporters must have previous experience in the safe and timeous transport of personnel.
- Valid BBBEE certificate
- Valid letter of Good Standing
- Valid Tax Clearance Certificate
- Proof of Public Liability Insurance
- Applicants must be locally based and currently actively operating in the Matzikama Municipal area.
- Applicants must have a valid transportation permit to operate in the Matzikama area.
- Transporters to ensure that vehicles are roadworthy and comply with Tronox' safety and operational specifications
- Drivers must have valid driver's licenses, PDP's and medically fit to operate vehicles on Brandse-Baai.
- Drivers will have to go through mine induction to obtain competency to operate vehicles at Brand-se-Baai.

CLOSING DATE FOR BID SUBMISSIONS: 12:00 ON THE 31st OF MARCH 2026, NO LATE SUBMISSIONS WILL BE ACCEPTED. ALL TENDERS TO BE EMAILED TO THE EMAIL SUPPLIED BELOW AS WELL AS ANY QUERIES - Jaun.Meyer@ltaautecon.co.za

NOTICE OF ENVIRONMENTAL AUTHORISATION, PROSPECTING RIGHT AND WATER USE LICENCE APPLICATION PROCESSES AND NOTICE OF AVAILABILITY OF BASIC ASSESSMENT REPORT FOR PUBLIC REVIEW AND INVITATION TO REGISTER AS INTERESTED AND AFFECTED PARTY (DMPR REF. NO.: WC 30/5/11/2/10525 PR)

In terms of Section 16 of the Mineral & Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act 28 of 2002) (MPRDA), NEMA, 1998 (Act 107 of 1998) as amended, the Department of Minerals & Petroleum Resources (DMPR) has accepted an application that was lodged by Business Venture Investments No 1805 (Pty) Ltd to prospect for prospect for Beryl (Gemstone), Zinc ore, Diamonds, Tantalum / Niobium ore, Monazite (Heavy Mineral, Nickel ore, Copper ore, Beryllium ore, Rare Earths, Gold ore, Lithium ore, Bismuth ore and Cobalt Ore) Portion 6 and Portion 10 of Farm Obeeb No.8, near Vanrhynsdorp, Western Cape.

Notice is hereby given of a combined Public Participation Process in terms of the MPRDA and the following pieces of legislation: The National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998) (NEMA) as amended; The National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998) (NWA); and Section 38 of the National Heritage Resources Act, 1999 (Act No. 25 of 1999) (NHRA).

TRIGGERED LISTED ACTIVITIES: Government Notice Regulation 517 Activity; 20; Government Notice Regulation 327

Listing Notice 1; Activity 24 | National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998) sections 21(a)

The proposed prospecting activities are likely to affect cultural heritage resources that might be located on the property. You can the Environmental Reports (Basic Assessment Report) at Vanrhynsdorp Library or request for these reports in writing from the Environmental Assessment Practitioner with contact details below. All persons and Interested and Affected Parties (I&APs) will be given an opportunity to submit comments throughout the Environmental Authorisation application process and are invited to submit any input, comment(s) or objection to Yone STEM Frontiers (Pty) Ltd, for attention:

Consultant (Kwindla Nobaza) | Yone STEM Frontiers (Pty) Ltd | 9705 Eerste Laan | Rooisand | Kathu | 8446 | Email: khnobaza@gmail.com | Cell: 071 959 9207

Provincial Heritage Officer | Heritage Western Cape | Protea Assurance Building, Floor 3, Greenmarket Square, Cape Town 8000 Western Cape | Tel: 021 483 9598 / 5959 | E-mail: hwc.hwc@westerncape.gov.za

KENNISGEWING VAN OMGEWINGSMAGTIGING, PROSPEKTEERINGSEG EN WATERGEBRUIK-LISENSIE AANSOEKPROSESSE EN KENNISGEWING VAN BESKIKBAARHEID VAN BASIESE ASSESSERINGSVERSLAG VIR PUBLIEKE OORSIG (DMPR VERW. NR.: WC 30/5/11/2/10525 PR)

Ingevolge Artikel 16 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 2002 (Wet 28 van 2002) (MPRDA), NEMA, 1998 (Wet 107 van 1998) soos gewysig, het die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne (DMPR) 'n aansoek aanvaar wat deur Business Venture Investments No 1805 (Edms) Bpk ingedien is om te prospekter vir Beryl (Edelsteen), Sinkerts, Diamante, Tantaal-/Biobiumerts, Monasiet (Swaar Mineraal), Nikkelerts, Kopererts, Berilliumerts, Seldsame Aarde, Gouderts, Litiumerts, Bismuterts en Kobalterts, op 'n gedeelte 6 en gedeelte 10 van Plaas Obeed Nr. 8, naby Van Rhynsdorp, Wes-Kaap.

Kennis word hiermee gegee van 'n gekombineerde proses van openbare deelname ingevolge die MPRDA en die volgende stukke wetgewing: Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No. 107 van 1998) (NEMA) soos gewysig; Die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998) (NWA); en Artikel 38 van die Wet op Nasionale Erfenis-hulpbronne, 1999 (Wet No. 25 van 1999) (NHRA).

BETROKKE GELYSDE AKTIWITEITE: Regeringskennisgewing Regulasie 517 Aktiwiteit 20; Regeringskennisgewing Regeringskennisgewing regulasie 327 **Noteringskennisgewing 1**; Aktiwiteit 24. **Noteringskennisgewing 3**; GNR 324, Aktiwiteit 12 | Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998) artikels 21(a)

Die voorgestelde prospekteringsaktiwiteite sal waarskynlik kulturele erfenishulpbronne wat op die eiendom geleë kan wees, beïnvloed. U kan toegang verkry tot die Omgewingsverslag (Basiese assesseringsverslag) by die Vanrhynsdorp-biblioteek of doen aanvrae op die verslag gegee vanaf die Omgewings-evalueringsevaluering met kontak besonderhede onder aan.

Alle persone en belanghebbende en geaffekteerde party sal 'n geleentheid gebied word om kommentaar in te dien gedurende die Omgewingsmagtigings-aansoekproses en Enige belanghebbende of geaffekteerde partye word hiermee uitgenooi om te registreer of sodanige en enige beswaar of insette moet skriftelik geopper of ingedien word by die Omgewings-evalueringsevaluering hieronder genoem, vir aandag:

Konsultant (Kwindla Nobaza) | Yone STEM Frontiers (Edms) Bpk | 9705 Eerste Laan | Rooisand | Kathu | 8446 | Tel: 071 959 9207 | E-pos: khnobaza@gmail.com

Provinsiale Erfenisbeampte | Erfenis Wes-Kaap | Protea Assurance-gebou, Vloer 3, Greenmarket Square, Kaapstad 8000 Wes-Kaap | Tel: 021 483 9598 / 5959 | E-pos: hwc.hwc@westerncape.gov.za

SKOLE NUUS

Derde plek by SA's

Berig en foto: Verskaf

LUTZVILLE: Hoërskool Lutzville is trots op **Gerber van Zyl (foto regs)** wat Saterdag, 21 Maart 'n 3de plek in die seuns O/13 hoogspring behaal het by die SASA Nasionale Primêre skoolkampioenskappe wat van 19 tot 21 Maart in die Groenpunt Stadion in Kaapstad gehou is. Dit is 'n uitstaande prestasie om in die top 3 in die land te eindig! Van Zyl het deur die hele seisoen gewys wat harde werk, deursettingsvermoë en toe-



wyding kan doen. "Jy het ons skool ongelooflik trots gemaak. Baie geluk met hierdie groot prestasie, ons sien uit om sommer nog baie van jou te hoor!" aldus die personeel.



Swimmers wat aan die gala deelgeneem het.

Pomario swem in Vredenburg

Berig: Mariaan Smuts
Foto: Verskaf

CITRUSDAL: Pomario Onafhanklike Skool se swimmers het op 25 Februarie aan Laerskool Vredenburg se swemgala deelgeneem. Die dag was koel en die swimmers het die seisoen op 'n hoë noot afgesluit by die jaarlikse swemgala. Die swimmers het met vasberadenheid en deursettingsvermoë teen sterk skole meeding,

maar hul beste gegee in elke item. Die groep se spangees het duidelik uitgestaan teen die ander deelnemende skole. Die personeel is baie trots op elkeen en hul puik prestasies. Hulle sê die toekoms van Pomario se swimmers is blink en hulle sien met groot opgewondenheid uit na wat nog voorlê.

Atleet vaar goed tydens SA Kampioenskappe

Berig en foto: Verskaf

KLAWER: 'n Leerder van Nouveau Kollege het gedurende 19 tot 21 Maart aan die Nasionale Atletiekkampioenskappe vir laerskole deelgeneem wat by Groenpunt Stadion in Kaapstad plaasgevind het.

Ashton Phyllay (foto regs) het in die gewigstoot vir seuns O/12 meeding. Met 'n indrukwekkende afstand van 12,53m het hy 'n 4de plek behaal! Hy het gewys dat deursettingsvermoë en pligsgetrouheid altyd vrugte afwerp. "Nouveau vier jou sukses en glo dat dit net die begin van nog vele hoogtepunte is. Baie geluk Ashton, jy is 'n inspirasie vir vele!" aldus die personeel.



Leerders ontvang skryfbehoeftes

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Leerders by Booyssendal Primêr se hartjies is onlangs blygemaak.

Mary Stewe het namens die Metodiste Vrouevereniging skryfbehoeftes aan die leerders oorhandig.



Mary Stewe saam met die leerders.



CEDERBERG
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

INVITATION TO TENDER

Tender documents, in English, are obtainable from Thursday, 26 March 2026, at the reception of Cederberg Municipality, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam, between 08:00 and 16:00 (Monday-Thursday) and Friday 08:00 -14:00 or from Melanie Arries at tel. no. 027 482 8000 or melaniek@cederberg.gov.za upon payment of a tender participation fee.

Payment of a non-refundable tender deposit of **R331.00** (VAT inclusive) is applicable. The amount must be deposited into Cederberg Municipality's account at Standard Bank, Branch Code: 05-0106, Account No: 082 163 324. The reference number when doing payment is: The relevant tender number – Company Name. Proof of payment is necessary when collecting tender documents.

Fully completed tender documents, in a sealed envelope, must be placed in the **tender box situated at the Cederberg Municipality Main Building, 2A Voortrekker Street, Clanwilliam, by no later than 12:00, on Monday, 13 April 2026.**

The Municipality reserves the right to withdraw any invitation to tender, and/or to re-advertise or reject any tender, or to accept a part of it. The Municipality is not bound to accept the lowest or highest or any tender.

Please refer enquiries to Mr. A. Jantjies on telephone number: 027 482 8000.

TENDER NUMBER: CED 20/2025-2026
SUPPLY AND DELIVERY OF END USER COMPUTER DEVICES AND ACCESSORIES

NOTICE NO: 74/2026

TENDER NUMBER: CED 21/2025-2026
PROVISION OF LICENSE RENEWAL FOR IT INFRASTRUCTURE AND SOFTWARE

NOTICE NO: 75/2026

G MATTHYSE
MUNICIPAL MANAGER

Cederberg Municipality
Private Bag X2
CLANWILLIAM 8135

Namaqua- die laaste, maar nie die einde nie

VREDENDAL: En so is dit my voorreg met 'n traan - om vir die laaste keer op hierdie platform ons atlete se prestasies te deel. Dit sal altyd een van my beste onthoue bly: om vir 33 jaar elke week oor die mense van ons omgewing se doen en late, se wel en weë te kon lees, en ook om so gemaklik te kon bydra tot hierdie stukkies geskiedenis.

Ek het in al die jare wat ons asem in die Matzikama was, elke week die Ons Kontrei gekoop, en elke pasiënt en besoeker aan my praktyk sou dit kon geniet. Wanneer ek nie self een kon koop nie, het ek gereël dat iemand dit vir my doen.

In my eie en veral in Namaqua Atletiek-klub se anale en albums is sóveel berigte, foto's en herinneringe ingeweeft oor jare dat dit vir ons almal 'n hartseer idee is om te dink dat ons hierdie heerlike stap deur ons eie geskiedenis nou hier moet afsluit. Aan die personeel van Ons Kontrei 'n gróót dankie vir die plek, geduld en gemak om ons 'sê-tjie', soos Berna

Viljoen se ma graag na kort gesprekies verwys het, te kon doen en ons gemeenskap só deel van ons klub te kon maak - ek weet ek praat namens al die ander sportklubs ook. Ons gaan dit mis. Mag die Here julle almal se treë vorentoe seën.

Die getroue langasems van Namaqua, asook een van ons 'young ones' sluit hierdie episode op 'n vinnige noot af. Die Calitze voltooi die Boyes Drive Classic 15km: Danie in 01:32:30, en Sharon in 01:35:22. Aninda Maass maak haar terugkeer na 'n besering haar vir 'n paar maande kortwiek en sy voltooi die TygerRun 15km in 01:49:45.

En hiermee is dit dan 'Oor en Uit' van my en Namaqua Atletiekklub. Ons sal hierdie geselsbeurt mis, maar ons gaan voort op Facebook. Groete, beste wense en baie dankie van die bestuur, atlete en getroue ondersteuners van Namaqua Atletiek-klub.

Elna Esterhuysen



Die Toutrekspan wat in Robertson deelgeneem het.

Toutrekklub wys hul staal by SA Junior Kampioenskappe

Berig en foto: Verskaf

CLANWILLIAM: Die Clanwilliam Toutrek-klub het die afgelope naweek, 19 tot 21 Maart, hul merk gemaak tydens die Suid-Afrikaanse Junior Toutrek Kampioenskappe wat in Robertson plaasgevind het.

Toutrek is 'n spansport waar twee spanne aan teenoorgestelde kante van 'n tou trek met die doel om die opponente oor 'n gemerkte lyn te trek. Dit verg nie net brute krag nie, maar ook tegniek, spanwerk en uithouvermoë.

Die Clanwilliam Toutrekklub bestaan tans uit ongeveer 40 kinders van verskeie plaaslike skole in die kontrei. Die klub het oor die afgelope seisoen hard gewerk om hulself voor te berei vir die kampioenskappe. Gereelde oefeninge, dissipline en deursettingsvermoë het 'n groot rol gespeel in hul ontwikkeling.

Gedurende die seisoen het die klub aan

verskeie ligakompetisies deelgeneem waar hulle waardevolle ondervinding opgedoen het. Hierdie kompetisies het as boustene gedien om die jong spanlede voor te berei vir groter uitdagings. Daarna het hulle hul kragte gemeet tydens die WP/Wynland Kampioenskappe te Drosdy op Saterdag, 28 Februarie.

Die deelname aan die Junior Kampioenskappe in Robertson Vrydag 20 en Saterdag, 21 Maart was vir baie van die kinders 'n hoogtepunt en 'n geleentheid om hul harde werk te wys. Behalwe die kompetisie self, het die geleentheid ook spanbou, sportmanskap en trots in hul gemeenskap bevorder.

Die Clanwilliam Toutrekklub bly groei van krag tot krag en speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van jong sporttalent in die streek. Met hul toewyding en passie vir die sport lyk die toekoms vir hierdie jong toutrekkers baie belowend.



Sharon en Danie Calitz.



Aninda Maass.

WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT



KENNISGEWINGS

1. KONSEP GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) WYSIGING 2022 - 2027

2. KONSEP DRIE-JAAR BEGROTING/MEDIUM TERMYN INKOMSTE- EN UITGAWERAAMWERK (MTIUR) VIR 2026/2027, 2027/2028&2028/2029

3. KONSEP TOPVLAK DIENSLEWERINGS-BEGROTING INPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) [PRESTASIE TEIKENS] 2026-27

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikels 28 en 34 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr 32 van 2000) en Artikel 22 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet Nr 56 van 2003) dat die Konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) Wysiging 2022 - 2027, Konsep Drie-jaar Begroting/Medium Termyn Inkomste- en Uitgawe raamwerk (MTIUR) vir 2026/2027, 2027/2028 & 2028/2029 en Konsep Topvlak Dienslewerings-Begroting Implementeringsplan (SDBIP) 2026-27 vir die WKDM ter insae lê vir openbare vertoë, insette en kommentaar by die Munisipale kantore van die onderskeie munisipaliteite in die streek, nl:

• Bergrivier Munisipale Kantore; Cederberg Munisipale Kantore; Matzikama Munisipale Kantore; Saldanhabaai Munisipale Kantore; Swartland Munisipale Kantore.

Die Konsep GOP Wysiging 2022 - 2027, Konsep Drie-jaar Begroting / Medium Termyn Inkomste- en Uitgawe raamwerk (MTIUR) vir 2026/2027, 2027/2028 & 2028/2029 en die Konsep Topvlak Dienslewerings-Begroting Implementeringsplan (Prestasie teikens) 2026-27

Vorgehou vir goedkeuring by die Raadsvergadering:

• Konsep GOP Wysiging 2022 - 2027;
• Konsep Drie-jaar Begroting/Medium Termyn Inkomste- en Uitgawe raamwerk (MTIUR) vir 2026/2027, 2027/2028 & 2028/2029;
• Konsep Topvlak Dienslewerings-Begroting Implementeringsplan (SDBIP) [Prestasie teikens] 2026-27

25 Maart 2026

Advertering vir openbare vertoë, insette en kommentaar

25 Maart 2026

Kommentaar, insette en vertoë rakende die Konsep GOP Wysiging 2022 - 2027, Konsep Drie-jaar Begroting/MTIUR vir 2026/2027, 2027/2028 & 2028/2029 en Konsep Topvlak Dienslewerings- Begroting Implementeringsplan (SDBIP) (Prestasie teikens) 2026-27 moet skriftelik die Kantoor van die Munisipale Bestuurder bereik voor of op **Woensdag, 15 April 2026**. Persone wat nie kan lees of skryf nie kan die Weskus Distriks munisipaliteit nader om hulp met die samestelling van sy/haar kommentaar, insette of vertoë.

Navrae kan gedurende kantooreure aan onderstaande amptenare gerig word by telefoonnommer 022 4338400.

Medium Termyn Inkomste- en Uitgaweraamwerk (MTIUR)/ Begroting	Mnr H Niehaus
Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)	Mnr F Williams

Die Konsep GOP Wysiging 2022 - 2027, Konsep Drie-jaar Begroting/Medium Termyn Inkomste en Uitgawe raamwerk (MTIUR) vir 2026/2027, 2027/2028 & 2028/2029 en Konsep Topvlak Dienslewerings-Begroting Implementeringsplan (SDBIP) [Prestasieteikens] 2026-27 is beskikbaar op die Raad se webtuiste: www.westcoastdm.co.za

MUNISIPALE BESTUURDER

Weskus Distriksmunisipaliteit
Langstraat 58; Posbus 242, Moorreesburg 7310

Verwysing: 13/1/B; 4/2/1

WEST COAST DISTRICT MUNICIPALITY



NOTICES

1. DRAFT INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP) AMENDMENT 2022-2027

2. DRAFT THREE-YEAR BUDGET/MEDIUM-TERM REVENUE & EXPENDITURE FRAMEWORK (MTREF) FOR 2025/2026, 2026/2027 & 2027/2028

3. DRAFT TOP LAYER SERVICE DELIVERY AND BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) [PERFORMANCE TARGETS] 2025-26

Notice is hereby given in terms of Section 28 and 34 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No 32 of 2000) and Section 22 of the Local Government: Municipal Financial Management Act, 2003 (Act No 56 of 2003), that the Draft Integrated Development Plan (IDP) Amendment 2022 - 2027, Draft Three-year Budget/MTREF for 2026/2027, 2027/2028 & 2028/2029 and the Draft Top Layer Service Delivery and Budget Implementation Plan (SDBIP) [Performance Targets] 2026-27 for the West Coast District Municipality, are available for inspection for public representation, input and comments at the following municipal offices in the West Coast region, namely:

• Bergrivier Municipal Offices; Cederberg Municipal Offices; Matzikama Municipal Offices; Saldanha Bay Municipal Offices; Swartland Municipal Offices.

The Draft IDP Amendment 2022 - 2027, Draft Three-year Budget/MTREF for 2026/2027, 2027/2028 & 2028/2029 and the Draft Top Layer Service Delivery and Budget Implementation Plan (SDBIP) [Performance Targets] 2026-27

Tabled at the Council Meeting for approval:

• Draft IDP Amendment 2022 - 2027
• Draft Three-year Budget/MTREF for 2026/2027, 2027/2028 & 2028/2029
• Draft Top Layer Service Delivery and Budget Implementation Plan (SDBIP) [Performance Targets] 2026-27

25 March 2026

Advertisement for public representation, input and comments

25 March 2026

Written comments, representation and input regarding the Draft IDP Amendment 2022 - 2027, Draft Three-year Budget/MTREF for 2026/2027, 2027/2028 & 2028/2029 and the Draft Top Layer Service Delivery and Budget Implementation Plan (SDBIP) [Performance Targets] 2026-27 must reach the office of the Municipal Manager on or before **Wednesday, 15 April 2026**. Persons who cannot read or write can approach the West Coast District Municipality to assist them in compiling their comments, input or representation.

Enquiries in the above regard can be directed to the following officials during office hours on telephone number 022-433 8400:

Medium-Term Revenue & Expenditure Framework (MTREF) / Budget	Mnr H Niehaus
Integrated Development Plan (IDP)	Mnr F Williams

The Draft IDP Amendment 2022 - 2027, Draft Three-year Budget/MTREF for 2026/2027, 2027/2028 & 2028/2029 and the Draft Top Layer Service Delivery and Budget Implementation Plan (SDBIP) [Performance Targets] 2025-26 are available on the Councils website, www.westcoastdm.co.za

THE MUNICIPAL MANAGER

West Coast District Municipality
58 Long Street; P.O. Box 242
Moorreesburg
7310

Reference: 13/1/B; 4/2/1

Parkrun/walk

Vredendal: Parc de Lausanne
Vanrhynsdorp: Letsatsi Lodge
Clanwilliam: Veldskoendraai padstal

5km stap of draf
Saterdag - 7:00

Ons Kontrei

Tel: 027 213 2074 Ons mense se koerant

SPORT NUUS

27 MAART 2026

Miss Piggy Mudrun

Saterdag, 28 Maart
by Maskam Brewing Company

Nuwe moderne binnehuise skietbaan vir Weskus

Berig en foto: Verskaf

VREDENDAL: Rotsvas Indoor Range, 'n nuwe wêreldklas binnehuise skietbaan, is tans in aanbou tussen Vredendal en Klawer en staan gereed om 'n opwindende nuwe bestemming vir skietentoesiaste en die breër gemeenskap te word. Die fasiliteit beskik oor vier professionele skietlane van 20 meter, geskik vir handwapens, haelgewere, en sekere laerkaliber kort gewere. Mense wat nog nie 'n vuurwapen besit nie, sal later in die jaar vuurwapens by Maskam Wapens kan huur om op die baan te gebruik. Benewens die skietlane bied die gebou ook 'n vergadersaal, braaifasiliteite, 'n kombuis, en 'n kleinhandelwinkel. Rotsvas Indoor Range is daartoe verbind om die gemeenskap te dien deur 'n verskeidenheid kursusse aan te bied vir lisensiehouers wat hul vaardighede wil slyp, asook bevoegdheidseksamens vir aspirant-vuurwapeneienaars. Gereelde veiligheidspraatjies en werkswinkels vir

die publiek word ook beplan. Die baan hou 'n oop-naweek op 27, 28 en 29 Maart waar almal gratis kan skiet. Die amptelike opening volg op 13 April. Vir navrae, kontak: Willem 082 385 1589 of Eric 072 305 4220.



Willem en Eric van Zyl.

Tronox Supplier Golf Weekend boosts schools and local economy in Matzikama

Press release

VREDENDAL: The annual Tronox Supplier Golf Weekend is a long-standing community fundraising event that brings Tronox suppliers together to raise money for six schools in Vredendal and Lutzville. The initiative aims to support learners by funding essential school improvements. This year's event, held on 20-22 March, once again received strong support, with 41 suppliers contributing to the fundraising efforts and 24 suppliers entering teams to participate in the golf tournament. The weekend began on Friday with a potjiekos dinner where suppliers, organisers and school staff could connect in a relaxed, welcoming environment. Saturday brought a full day of golf for the participating teams, while non-golfers enjoyed a local wine tour that not only showcased the region's wine offerings but also supported local cellars through wine purchases. The weekend concluded on Sunday with a crayfish braai in Strandfontein. Although the main goal of the Golf Weekend is to raise funds for local schools, it also brings significant economic benefits to the area. Suppliers booked accommodation across Lutzville, Vredendal, and Strandfontein and supported small businesses throughout the weekend. The wine tour, in particular, contributed directly to the local economy through wine purchases

and tourism activity, creating a welcome boost for local hospitality providers and service industries. The six beneficiary schools expressed their appreciation for the continued support, noting how the funds raised help address educational initiatives that cannot always be covered through government budgets. "Thanks to Tronox, we can give our children opportunities far beyond what our normal budget allows," said Mr. Bates, Vredendal-North Primary Principal. "Their funding strengthens our sports programmes and gives our children opportunities to compete at higher levels, providing a holistic take on education. As a school, Tronox truly sits close to our hearts." Tronox Site Director, Junior Koegelenberg, emphasised the impact of the funds raised for suppliers' employees as well. "The Tronox Supplier Golf Weekend is a testament to our suppliers' willingness to support our local schools. Together, we are advancing the United Nations goal of Quality Education," he said. "For us, and many of our contracting partners, this support is personal because a lot of our employees and their children are alumni of these schools. We also see that these schools will still produce a lot of our future employees."

Vanrhynsdorp Eagles oorleef

Berig: Verskaf

VANRHYNSDORP: Dit was nie mooi nie. Dit was nie oortuigend nie. Dit was oorlog en Vanrhynsdorp Eagles het nie gebreek nie! Teen 'n honger Flying Eagles span het die wedstryd vinnig in 'n taai, fisiese stryd ontaard op Jan Opperman Stadium in Vanrhynsdorp. Foute het ingesluip, momentum het geswaai, en vir lang tye het dit gelyk asof Vanrhynsdorp Eagles sukkel om hul vlerke te spreid. Maar toe dit saak maak... toe staan hulle op. Met harte wat klop vir die trui en 'n weiering om te vou, het die Eagles elke meter geveg. Elke duikslag het harder geraak. Elke dra was met meer intensiteit. Dit was nie flair wat die ver-

skil gemaak het nie, dit was karakter en pure wilskrag. Flying Eagles het alles gegooi wat hulle het, maar Vanrhynsdorp Eagles het vasgebyt, geabsorbeer... en toe die deur effens oopgaan, het hulle met alles toegeslaan. Toe die eindfluitjie blaas, was daar geen twyfel nie - nie 'n perfekte oorwinning nie, maar 'n belangrike een. Eindtelling: Vanrhynsdorp Eagles 68-20 Flying Eagles.

Vanrhynsdorp Eagles sê dankie

Vanrhynsdorp Eagles wil graag hul opregte dank en waardering uitspreek teenoor Ons Kontrei met die hartseer nuus van julle finale sluiting. Vir soveel jare was julle nie net 'n plaaslike koerant nie, maar 'n stem van die gemeenskap een wat stories vertel het, prestasies gevier het en mense bymekaar gebring het. Julle ondersteuning van plaaslike sport, en spesifiek ons klub, het 'n groot rol gespeel in die groei en trots van Vanrhynsdorp Eagles. Elke berig, foto en woord van aanmoediging het 'n verskil gemaak. Julle het ons spelers gemotiveer en ons gemeenskap nader aan mekaar gebring.

Dit is met groot dankbaarheid dat ons terugkyk op hierdie jare van samewerking. Julle nalatenskap sal voortleef in die herinneringe en die impak wat julle gemaak het. Ons wens julle alles van die beste toe vir die toekoms. Baie dankie vir alles.

Vriendelike groete
Vanrhynsdorp Eagles

Haasbekkies, in samewerking met Burne Burger, bied aan

flikeaand

ONDER DIE STERRE

Bring die hele gesin en kom kuier lekker saam met ons!

- Springmielies en koeldranke te koop
- Bestel voor die tyd kos by Haasbekkies
- Bring 'n kombors of jou kampstoel
- Flike: Encanto

16 April 2026
18:00 vir 18:30
Laerskool Olifantsvlei

Volwassenes: R50
Kinders (tot en met 13 jaar): R30

Mnr & Mej AUGSBURG

23 April 2026

R80

Deure open 18:30
Daar is 'n snoepie beskikbaar

Kom geniet die aand saam met ons!